# STEL DIE ONBEKENDE GOD BEKEND

HAND 17:16-34

God het uit liefde vir die wêreld sy Seun gestuur om vir ons sondes te sterf en Hy het Hom na drie dae weer uit die dood opgewek. Ons is deel van hierdie beweging van God na die wêreld van vandag. Die Gees wat vir Jesus opgewek het, leef nou ook in ons. Ons kom baie soorte mense teë: mense wat skepties is, spot, godsdienstig is, moderne afgode dien, soekendes. Ons kan baie leer uit Paulus se voorbeeld in Atene oor hoe om sulke mense te benader en die ware God aan hulle bekend te stel.

DIE OMGEWING EN MENSE

**Paulus wag** vir Silas en Timoteus – hy het hotagter gekry in die vorige dorp Berea – hy moes haastig padgee. Dit het hom nie in sy dop laat kruip! Sit nie ledig rond terwyl hy wag – maak die beste gebruik van die geleentheid.
**Griekeland** was teen dié tyd nie meer 'n politieke mag nie, maar wel 'n kulturele en filosofiese mag. Grieks was bv. steeds die amptelike wêreldtaal. Die Nuwe Testament is ook in *koine*-Grieks geskryf.
**Atene** was destyds 'n soort wêreld op sy eie. Amper soos Londen of New York. 'n Soort kultuursentrum van tempels, teaters, markpleine – waar mense van oor die hele wêreld saamgetrek is. Amper 'n soort geestelike middelpunt vir die denkendes van daardie tyd. Atene was die soort plek waar die lewe nie stilstaan nie, maar waar nuwe dinge daagliks gebeur.

**Begin getuig** in sinagoge – Jode en godvresendes*. Eindig nie daar: praat met verbygangers (regte evangelis).
Debateer met wysgere: Epikureërs* was baie materialisties en het nie gedink dit is belangrik of nodig om God te soek nie. Die gode het niks met die mens te doen nie. Die dood is die einde van alles en die siel sterf saam met die liggaam. 'n Mens moet maar net in jou lewe strewe om gelukkig te wees. Jou leuse moet wees: Eet, drink en wees vrolik, want more sterwe ons (1 Kor 15:32). Dalk klink dit vir u bekend!
Die Stoïsyne* het weer geglo dat 'n mens hom nie innerlik moet laat versteur nie. Geluk is om nooit vreugde en om nooit droefheid te ondervind nie. Die gode was vir hulle onpersoonlike magte en die mens moet in die noodlot berus.
Sommige Grieke Nuuskierig - tipies (lees :19-21).
Ideale kans!

DIE BENADERING

Paulus *"baie verontwaardig"* (:16) – aanslag: Val nie aan; storm nie beelde. Sluit aan by godsdienstigheid (:22). Nie tevrede daarmee *("solank jy maar net glo")*. *"Onbekende god"* (:23) – het 'n altaar opgerig vir 'n God wat hulle nog nie leer ken het nie (vrees; seën) – aanknopingspunt; wil hulle daarmee help.

DIE BEKENDSTELLING

Stel onbekende God bekend:
Skepper van hemel en aarde

Here van hemel en aarde
Woon nie in tempels deur mense gemaak
Nie mense se versorging nodig
HY gee almal lewe, asem en ALLES
Skepper van die mens… alle nasies, oral: Daarom is dit net reg dat al die nasies hierdie een God dien. Daar bestaan nie so iets soos 'n god, of 'n versameling gode, vir elke nasie nie - 'n baie algemene geloof van daardie tyd.
HY beskik oor hul lotgevalle en toekoms (nie noodlot – St)
Het mens gemaak om Hom te soek (besef van, verlange na)
Nie ver van enigeen (Ep)
Ons lewe, bestaan en beweeg deur Hom
Is nie gelyk aan menslike voorstellinge of skeppinge
Hy verwag dat almal hulle moet bekeer (kan nie maar net eet en drink en vrolik wees!)
Hy gaan regverdig oordeel oor die wêreld (datum?!) - Epikureërs
Sal deur Jesus gebeur (Sleutelfig.)
Hy het Hom uit dood laat opstaan

DIE REAKSIE
**Tweeledige reaksie**: lag hom uit … hoflik ("sal jou bel") … paar word gelowig (:32-34)
As ons vandag terugkyk, sien ons dat hoe vreemd die evangelie ookal destyds geklink het, het dit mettertyd tog inslag gevind.

ONS IS DEEL VAN GOD SE SENDING
God se sending na wêreld is egter nog nie afgehandel. - Sit dit deur ons voort. Opgewek saam met Jesus. Sy lewe en Gees in ons.
Ons kan ons ook soms in Paulus se situasie bevind: tussen geleerdes; nuuskieriges; skeptici; genot; godsdienstiges; dienaars van afgode soos materiële dinge, skoonheid, sport, sukses, wetenskap…
Dis almal mense wat weet van God, maar vir wie die ware God nog 'n onbekende God is.
Hoe moet ons dit vandag **benader?** Evangelie lankal nie meer "nuus"! 80% in SA beweer hulle is christene.
Wees nogtans **op uitkyk vir geleenthede** – 1 Petr 3:15b "*Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God.*"
Ons sê nie op alles wat die ander sê, **ja en amen** nie, maar ons tree ook nie **onbeskof en disrespekvol** op nie. Ons moet sensitief wees en nie mense in die openbaar verneder en hul geloof bespotlik maak nie.

Vlgs 'n studie van **Kinnaman & Lyons in 2007** word christene vandag deur niekerklikes wat tussen 16-29 jr oud is, as veroordelend, skynheilig, polities en onverdraagsaam ervaar.
Dit is baie jammer, want soos 'n Paulus moet ons dit as ons roeping sien om die God wat hulle nie ken nie, aan die wêreld bekend te stel - "*Preach the gospel to all the world and if necessary, use a few words." Fransiscus van Assisi*.

Ons is immers sy beelddraers, sy verteenwoordigers. Ons het dus ‘n baie **groot taak** en uitdaging voor ons, al leef ons in ‘n sg christelike land. **Baie mense** besef nie hoe belangrik dit is om in Jesus te glo en Hom te dien nie. Daar is baie wat reken ‘n goeie lewe is al wat tel, solank jy net in ‘n God glo.

Ons moet ook vrede maak met feit dat **nie almal positief** gaan reageer nie. Daar sal altyd teenkanting teen die evangelie wees. Jesus is die Saaier, ons sy medewerkers, en daar sal altyd ’n deel van die saad wees wat op die pad, langs die pad, of tussen die onkruid beland.
God gebruik ons getuienis, en ons kan ontspan oor die reaksie daarop.
**Die vraag** is nie wat die reaksie is nie. Die vraag is: Doen ek wat God van my vra? Doen ons as gemeente en as kerk wat God van ons vra?
Amen
29/5/11

- Kyk agter in Bybel onder WOORDVERKLARING vir meer inligting oor hulle.

GESPREK: Gee geleentheid dat die lede van die groep vertel hoedat hulle getuig en watter geleenthede hulle die afgelope weke gekry het. Maak dit gerus ‘n weeklikse punt op die agenda: Waar het jy hierdie week kans gehad om te getuig? Bid dan dat die Here kanse sal gee en die saad sal laat groei.